



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit ʼn ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ʼn volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en ʼn reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE/DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.
- **Of soortgelyk aan bogenoemde** beteken ʼn sinoniem van die voorgestelde antwoord op die nasienriglyn.

## VRAAG 1

### TEKS A: ARTIKEL

[Saamgestel en verwerk uit https://bit.ly/3eCW6Kk; https://bit.ly/3pEwlQ7; https://bit.ly/3sOFBTB; https://bit.ly/3zaKUOo; https://www.paralympic.org/wa-wai-so; i; https://bit.ly/3zeMIGi; https://bit.ly/3ezdak7]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Magic kid | (1) |
| | | |
| 1.2 | ʼn Persoon/atleet wat sport/atletiek as sy werk doen/ʼn inkomste uit sport verdien/betaal word vir die sport wat hy doen. | (1) |
| | | |
| 1.3 | (Hemolitiese) geelsug<br>(NIE *jaundice* NIE) | (1) |
| | | |
| 1.4 | • Dit het sy gehoor beïnvloed.<br>• Dit het sy beheer oor sy bene en arms beïnvloed.<br>• Hy het eers op 4-jarige ouderdom begin loop. | (1) |
| | | |
| 1.5 | • Wa-Wai was gestremd.<br>• Die situasie met Wa-Wai het te veel geraak.<br>• Wa-Wai kon nie loop of behoorlik praat nie. | (1) |
| | | |
| 1.6 | opgestaan en geloop | (1) |
| | | |
| 1.7 | Dit was juis sy ma se ondersteuning, aanmoediging en vertroue wat hom laat opstaan het. | (1) |

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| 1.8 | Wa-Wai kon vinniger as hulle hardloop. | (1) |
| | | |
| 1.9 | Hy kon basiese tegnieke baasraak wat hom die hupstoot kon gee om uiteindelik ŉ Paralimpiese atleet te word. | (1) |
| | | |
| 1.10 | Hier het hy geleer hoe om met ander mense te kommunikeer. | (1) |
| | | |
| 1.11 | Almal was (op een of ander manier) gestremd. | (1) |
| | | |
| 1.12 | C / Dit maak sukses moontlik. | (1) |
| | | |
| 1.13 | • Sy pa was in ŉ motorongeluk/hy moes gaan werk/hy kon nie genoeg oefen nie. ✓<br>• Hy het gevoel sy ma misbruik hom om geld te kry./Konflik met sy ma. ✓<br>• Die meisie van wie hy gehou het/Gill wou nie ŉ verhouding met hom hê nie. ✓ | (3) |
| | | |
| 1.14 | Haar teenwoordigheid het hom die moed en wil gegee om alles te gee om te wen.<br>(Klem is op wat sy ma se invloed was – nie op sy prestasie nie.) | (1) |
| | | |
| 1.15 | • As jou ma in jou glo/ondersteun/inspireer/motiveer/jou vertroueling is, kan jy bo jou beperkinge uitstyg.<br>• Jy het jou ma in jou lewe nodig.<br>• Sy ma het die beste in hom uitgebring.<br>• Sy het hom moed/die wil gegee om sy beste te doen. | (1) |
| | | |
| 1.16 | 1.16.1 B – Lewenslange vriend | (1) |
| | | |
| | 1.16.2 C – Olimpiese atleet | (1) |
| | | |
| | 1.16.3 D – Atlanta | (1) |
| | | |
| 1.17 | • Zero: hy was gestrem/kon nie loop nie/het serebrale verlamming. ✓<br>• Hero: hy het ŉ Paralimpiese kampioen geword. ✓<br>• Magic kid: hy het uitgestyg bo sy beperkinge/dinge reggekry wat niemand gedink het hy sou regkry nie. ✓ | (3) |
| | | |
| 1.18 | Die Paralimpiese Spele toets ŉ atleet se emosionele- én fisiese prestasie. | (1) |
| | | **[24]** |

## TEKS B: VISUELE TEKS

| | | |
|---|---|---|
| 1.19 | • Die statistieke is slegs Amerikaanse statistieke.<br>• Dit is 'n algemene stelling.<br>• Nie alle mense hou van/speel videospeletjies nie.<br>• Baie mense speel selfoonspeletjies.<br>• (Die kandidaat/Ek/My gesin/Familie) hou nie van videospeletjies nie. | (1) |
| | | |
| 1.20 | Vroue bo 50 jaar oud. | (1) |
| | | |
| 1.21 | 42% speel met vriende ✓ en net 17% met ouers. ✓ | (2) |
| | | |
| 1.22 | Die grafiek is langer in 2017 as in 2010. | (1) |
| | | |
| 1.23 | Sport | (1) |
| | | **[6]** |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING (TEKS C)**

**VRAAG 2**

**LET WEL:** Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming moet soos volg nagesien word.

- **Puntetoekenning**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: 1 punt
  - 4–5 feite korrek: 2 punte
  - 6–7 feite korrek: 3 punte

- Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken

**LET WEL:** Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar EEN daarvan is ŉ direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

Indien die kandidaat net een direkte aanhaling as korrekte feit aanbied en verder geen korrekte feite het nie, kry die kandidaat 1 punt vir die direkte aanhaling en 0 vir taal. In hierdie geval kry die kandidaat dus 1/10 vir die opsomming.

**LET WEL:**

**Getal woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde verifieer
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde aan lees ná die 70-woordegrens en die res van die opsomming ignoreer.

## TEKS C: VERMINDER STRES EN ANGS IN JOU LEWE

| DIREKTE AANHALING | | MOONTLIKE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| **Die belangrikste is om daagliks te oefen.** Sodra jy oefen, stel jou liggaam endorfiene vry wat jou laat beter voel, beter laat slaap en wat jou meer selfvertroue gee om jou dag aan te pak. | 1 | Jy moet daagliks oefen./Oefen daagliks. |
| Kitskos en wegneemetes het net nie genoeg voedingswaarde nie en dit veroorsaak stres en angs. | 2 | Moenie te veel kitskos en wegneemetes eet nie. |
| **Soms is dit ook nodig om goeie aanvullings** soos Omega 3, groentee en multi-vitamine **te gebruik**. Om 'n kersie te brand is nie net romanties nie. | 3 | Gebruik goeie aanvullings wanneer dit nodig is. |
| **Gegeurde essensiële oliekerse kan jou stres en angs verminder.** Laventel, wierook en lemoenbloeisel is maar net 'n paar bekende olies van aromaterapie. | 4 | Maak gebruik van aromaterapie./ Brand af en toe oliekerse. |
| Om tyd saam met jou vriende deur te bring, is kosbaar. Dit gee jou 'n gevoel van veiligheid wat jou laat ontspan en sommer ook lekker laat lag en huil. | 5 | Bring tyd saam met jou vriende deur. |
| **Lag is daarom baie belangrik**, want hoe meer jy lag, hoe meer ontspan jy en hoe minder dink jy aan jou probleme. | 6 | Lag so veel as wat jy kan./Lag gereeld. |
| Wanneer mens oorweldig voel, bou jy stres en angs op. Leer om nee te sê vir onnodige dinge as daar te veel van jou gevra word. | 7 | Leer om nee te sê. |
| Leer en aanvaar ook drukkies van ander mense, want positiewe aanraking verlaag jou bloeddruk en hartklop en het die teenoorgestelde uitwerking as stres wat bloeddruk en hartklop verhoog. | 8 | Laat positiewe aanraking toe |

[Aangepas uit https://www.healthline.com/nutrition/16-ways-relieve-stress-anxiety]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALKONVENSIES EN -STRUKTURE

**NASIENRIGLYNE**

- Spelling
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordeskat getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar ŉ afkorting getoets word, moet die leestekens en die spelling korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Gestremdes kan aan verskeie sportsoorte deelneem.<br>• Gestremdes is nie vasgevang in hulle rolstoele nie.<br>• Gestremdes leef (ook) voluit.<br>• Gestremdes probeer om so normaal as moontlik te leef. | (1) |
| | | |
| 3.2 | Sien die bevoegdheid en nie die gestremdheid. | (1) |
| | | |
| 3.3 | able | (1) |
| | | |
| 3.4 | Gestremdes en nie-gestremdes | (1) |
| | | |
| 3.5 | dat daar min verandering is | (1) |
| | | |
| 3.6 | • Om die leser se**/**jou aandag te trek.<br>• Om die Paralimpiese Spele 2020 te beklemtoon. | (1) |
| | | |
| 3.7 | swempet | (1) |
| | | |
| 3.8 | Die woord **dis** is deurskynend want dit wil wys dat gestremdheid nie sigbaar moet wees nie. | (1) |
| | | |
| 3.9 | Om die leser persoonlik aan te spreek. | (1) |
| | | |
| 3.10 | Om te beklemtoon/uit te lig/aandag te vestig dat gestremdhede **wêreldwyd** voorkom. | (1) |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4

## TEKS E: STROKIESPRENT

| VRAAG | ANTWOORD | | PUNT |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Pa speel g(h)olf ✓ **en** Ma kyk na die kinders, oefen, doen inkopies en werk. ✓<br>(Die kandidate moet albei noem sodat verskil duidelik is om die 2 punte te verdien.) | | (2) |
| | | | |
| 4.2 | • Die son kom net op.<br>• Die lug is nog donker.<br>• Daar brand ligte in die huis.<br>• Die haan kraai (op die heining).<br>• Ma is nog in haar nagklere/pajamas. | | (1) |
| | | | |
| 4.3 | Dit wys die ma se rondhardloop/werk deur die dag. | | (1) |
| | | | |
| 4.4 | • Aërobiese oefening<br>• (Nie aerobics NIE) | | (1) |
| | | | |
| 4.5 | • Die vrou se arms is gevou.<br>• Die vrou kyk weg en haar kop is hoog gelig.<br>• Die man tik sy voet.<br>• Die man staan met sy hande in sy sye. | | (1) |
| | | | |
| 4.6 | • Daar lê orals plasse/poele water.<br>• Die water/druppels spat van sy lyf af.<br>• Ma hardloop met 'n handdoek agterna.<br>• Daar is nog water in die bad.<br>• Hy hardloop by die badkamer uit. | | (1) |
| | | | |
| 4.7 | Sy hardloop in al die raampies. | | (1) |
| | | | |
| 4.8 | 4.8.1 | Gebrande kos word deur die kinders geëet. | (1) |
| | | | |
| | 4.8.2 | Ma skree vir John **dat hy** orals water in die badkamer **mors**.<br>Ma skree vir John **hy mors** orals water in die badkamer. | (1) |
| | | | **[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### VRAAG 5.1

### TEKS F: ARTIKEL

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Om Kilimandjaro te klim, …<br>(Moenie die kandidaat penaliseer as hy die sin uitgeskryf het nie.) | (1) |
| | | |
| 5.1.2 | grootste<br><br>(sp.) | (1) |
| | | |
| 5.1.3 | ... in die laat 1980's sy rug in 'n ski-ongeluk ...<br>(Moenie die kandidaat penaliseer as hy/sy die hele sin uitgeskryf het nie.) | (1) |
| | | |
| 5.1.4 | • Hy het besluit om Kilimandjaro te klim **nadat** hy na 11 jaar as lid van die Amerikaanse Gestremde Ski-span uitgetree **het**.<br>• **Nadat** hy na 11 jaar as lid van die Amerikaanse Gestremde Ski-span uitgetree **het, het** hy besluit om Kilimandjaro te klim. | (1) |
| | | |
| 5.1.5 | Waddell **het** in 2009 na Tanzanië **gereis** waar hy die 5 894,8 meter berg aangedurf het. | (1) |
| | | |
| 5.1.6 | • Hy het in die laaste minuut van die wedstryd 'n **doel** aangeteken.<br>• Die bom het sy **doel** bereik./Die jagter mis selde sy **doel**. (teiken) | (1) |
| | | |
| 5.1.7 | vorentoe | (1) |
| | | |
| 5.1.8 | bultende<br><br>(sp.) | (1) |
| | | |
| 5.1.9 | swakkeling<br><br>(sp.) | (1) |
| | | |
| 5.1.10 | verander | (1) |
| | | |
| 5.1.11 | daagliks<br><br>(sp.) | (1) |
| | | |
| 5.1.12 | daarmee | (1) |
| | | |
| 5.1.13 | dertien<br><br>(sp.) | (1) |
| | | |
| 5.1.14 | Elke dag is nie vir gestremdes 'n uitdaging nie ...<br>(Moenie die kandidaat penaliseer as hy/sy die hele sin uitgeskryf het nie.) | (1) |
| | | **[14]** |

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 5.2** | | |
| | | |
| **TEKS G: PRENT** | | |
| | | |
| | | |
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 5.2.1 | Hy was baie trots op Milla **toe** hy saam met haar gehardloop het.<br>Wanneer ⇨ toe | (1) |
| | | |
| 5.2.2 | Milla hardloop saam met haar pa**,** want sy kan nie sien nie. | (1) |
| | | |
| 5.2.3 | **Wie** ✓ oefen baie hard**?** ✓ | (2) |
| | | |
| 5.2.4 | mens wat niks weet nie, nie na ŉ ander mens kan lei wat niks weet nie. | (1) |
| | | |
| 5.2.5 | wêreldberoemd | (1) |
| | | **[6]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

Kopiereg voorbehou